

HOE OM 'n binnemuur te verf

JOU CASHBUILD-INKOPIELYS

- > Akriliese PVA
- > verfkwas
- > verffroller
- > verfbak
- > kraakvuller
- > sandpapier
- > verfskraper
- > akriliese seëlaar
- > 'n groot stuk swart plastiek om die vloer mee te bedek
- > maskeerband

MAAK SO:

1 Vee die vertrek uit en verwyder alle stof van die vloer en mure sodat dit skoon is voordat jy begin werk.

2 Maak seker die muur is sonder krake of oneweredige dele. Gebruik 'n goeie kraakvuller om die mure gelyk te maak.

3 Sodra dit droog is, kan jy dit met sandpapier gelyk en glad skuur.

4 Plak maskeerband op die vloerlyste en vaste toebere sodat jy netjies om dit kan verf.





5 Smeer die akriliese seëlaar aan al die krake rondom vaste toebere, deure en vensters.

6 Roer die verf in die blik en gooi dit in die verfbak. Begin die muur vanuit die hoeke verf. Gebruik 'n 45 mm-verfkwas om die hoeke netjies te verf.

7 Wag minstens vier uur vir die verf om droog te word voordat jy met die tweede laag begin.

8 Verwyder die maskeerband eers as die muur droog is en maak die werkarea skoon.

Dis maklik om 'n vertrek nuwe lewe te gee met 'n lagie verf. Ons wys jou hoe met **Cashbuild** se opwindende verwe en produkte reeks



Ander produkte sluit die volgende in:

- Velvet Sheen, 'n gladde verf wat vir sit-, eet-, slaapkamer- en gangmure gebruik kan word.
- Texguard, 'n verf met 'n fyn tekstuur wat geskik is vir gepleisterde buitemure.
- High Gloss Enamel, 'n duursame glansverf wat binne- en buitenshuis gebruik kan word. Dit werk veral goed op deur- en vensterrame van staal, hekke, kaste en meubels.
- Eggshell Enamel is 'n duursame binneverf met 'n effense glans wat geskik is vir kombuis- en badkamermure.
- Acrylic Roof Paint is geskik vir se-

ment dakteëls en gegalvaniseerde staaloppervlakke en bied 'n mat afwerking.

■ Timbercoat Varnish is 'n vernis vir binne- en buite houtoppervlakke soos deure, vensters en houtplafonne om dit teen die son te beskerm.



Vir nog inligting oor Cashbuild se produkte en dienste bel gerus jou naaste Cashbuild-tak of die Cashbuild Hulplyn by **0860-100-582**.



WENKE:

■ Gee all binnemure minstens twee lae verf. Maak seker die verf is droog voordat jy die tweede laag verf.

■ Hou alle deure en vensters oop vir voldoende lugvloei in die vertrek om die mure gouer droog te kry.